# Boekbekendstelling/Publication Notice

PHILIP NEL. 1992. **Perceptions, Images and Stereotypes in Soviet-South African Relations – a Cognitive-Interpretive Perspective.** Ann., Univ. Stellenbosh 1992(4):1-79. Dept. of Political Science.

Die verbetering van Sowjet-Suid-Afrikaanse verhoudings tussen 1987 en 1991 is vergesel deur belangrike konseptuele veranderinge. Hierdie veranderinge word hier gesistematiseer en geanaliseer deur middel van 'n teoretiese strategie ten opsigte van die afleiding van persepsies. Die strategie is gebaseer op balansteorie en gebruik simboliese representasies of beelde as empiriese getuienis waaruit persepsies afgelei word. Daar word bevind dat amptelike Suid-Afrikaanse denke oor die Sowjet-Unie voor 1988 'n *bose vyand-beeld* bevat het wat teen 1990 vir 'n *verswakte vyand-beeld* plek gemaak het. Laasgenoemde het vanaf 1990 egter meegeding met 'n potensiële *bondgenoot-beeld*. Sowjet-denke oor Suid-Afrika was voorheen vasgevang in die stereotipe van 'n *gepolariseerde samelewing*. Sedert 1987 het dit, enigsins dubbelsinnig, plek gemaak vir 'n beeld wat Suid-Afrika as 'n *verbeterbare adolossent* tipeer.

*Sleutelwoorde*: Sowjet buitelandse beleid, Suid-Afrikaanse buitelandse beleid, kognitiewe faktore, persepsies, hermeneutiek.